Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JULIE 2013

Posbus 20
Hermanus 7200

| | Telefoon | Faks |
|---|---|---|
| Hermanus | 028 313 8000 | 028 312 1894 |
| Gansbaai | 028 384 8300 | 028 384 0241 |
| Kleinmond | 028 271 8400 | 028 271 4100 |
| Stanford | 028 341 8500 | 028 341 0445 |

24 Uur Beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

# Bulletin

*Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand*

## 2013/14 BEGROTING IN 'N NEUTEDOP



**Totale Uitgawes**
R824 miljoen
Styg met 8.6 persent




**Totale Inkomste**
R786 miljoen
Styg met 9.3 persent



**Eiendomsbelasting:**
Op residensiële eiendom
Styg met 4.05 persent
Vrystellings en rabatte soos in verlede



Op besigheidseiendom
Styg met 6.03 persent
Rabatte op gastehuise, B&O's



Op landboueiendom
Styg om te voldoen aan voorgeskrewe 75 persent rabat



**Elektrisiteit**
Basiese tarief styg met 22 persent
Verbruikskoste styg met 'n gemiddelde van 5.27 oor opdraende blokke




**Water**
Slegs deernishuishoudings ontvang eerste 6 kℓ gratis




**Riolering**
Styg met 8.83 persent



**Vullisverwydering**
Styg met 8.53 persent



**Kapitaalbegroting**
R110 miljoen
met 34 persent af

## BURGEMEESTER SE BEGROTINGSREDE

# EISEKONFLIK GEBALANSEER

Die Munisipaltiteit Overstrand moes met die 2013/14 Begroting die middeweg vind tussen die duidelike boodskap van pensionarisse en renteniers dat hulle nie skerp stygings op belastings en tariewe kan bekostig nie en die druk om diensleweringsvlakke vol te hou en selfs te verbeter in die lig van die vinnige bevolkingsgroei wat in sy gebied ondervind word.

In haar Begrotingsrede op 29 Mei 2013 het Burgemeester Nicolette Botha-Guthrie gesê bevolkingsgetalle het tussen 2001 en 2011 met vyftig persent toegeneem en dat Overstrand die munisipaliteit met die sewende vinnigste bevolkingsgroei in die land is.

Meeste van die mense wat inmigreer woon in arm gebiede en word deur die munisipaliteit se Deernishulpskema ondersteun, waarvoor die Billike Deel-toekenning van die Sentrale Regering gebruik word.

Daarbenewens stel die onderhoud van die munisipaliteit se aanlegte, eiendomme en toerusting ook groot eise aan die begroting omdat daar oor die afgelope ses jaar baie hierin belê is as deel van Overstrand se 25 jaar-plan om sy infrastruktuuragterstand van R2.4 miljard in te haal.

Nog 'n toedrag van sake is dat die munisipaliteit weinig kan doen aan sowat sewentig persent van sy begroting wat verband hou met:

- Salarisse en lone, wat 'n hap van 30 persent uit die begroting neem ingevolge 'n driejaarooreenkoms van die Bedingingsraad van Plaaslike Regerings. Dit is verlede jaar op nasionale vlak tussen die SA Plaaslike Regeringsorganisasie en vakbonde gesluit en Overstrand is wetlik daaraan verbonde. Die salarisse van raadslede word deur die Wet op die Vergoeding van Openbare Ampsdraers gereguleer, terwyl die salarisse van die Munisipale Bestuurder en direkteure deur 'n onafhanklike vergoedingskonsultant bepaal word. Dit is wel belangrik om kennis te neem dat die vulling van vakante poste streng beheer word en slegs enkele nuwe poste goedgekeur is.
- Insetkoste, soos die grootmaataankope van elektrisiteit, brandstof en chemikalieë wat soos algemeen bekend 'n konstante opwaartse kurwe hoër as die inflaskoers toon.

Desondanks, kon die Munisipaliteit Overstrand daarin slaag om die impak van eiendomsbelasting op die belastingbetalers te verminder deur op die konsepbegroting R4.85 miljoen vir die onderhoud van strate te sny. Geen verdere besparing kon geïdentifiseer word wat dienslewering nie negatief sou raak nie.

Daardeur het die munisipaliteit getoon dat hy bereid is om na die besware van sy inwoners en belangehouers te luister.

## REDES VIR NUWE GRONDBELASTING

Die insluiting van 'n nuwe eiendomsbelasting op onontwikkelde erwe in die 2013/14 Skedule van Belastings en Tariewe het baie aandag getrek omdat in die geval van residensiële erwe die belasting met 63.4 persent toeneem.

In die praktyk kom dit daarop neer dat as die waarde van 'n leë erf R780 000.00 is, sal die belasting sowat R140.00 per maand meer wees en in die geval van 'n erf met 'n waardasie van R250 000.00, sal dit sowat R43.00 per maand meer wees.

Artikel 8 van die Wet op Eiendomsbelasting laat 'n munisipaliteit toe om ingevolge kriteria wat in sy eiendomsbelastingsbeleid uiteengesit is, verskillende belastingkoerse op verskillende kategorieë van belasbare eiendomme te bepaal, onder meer volgens die gebruik van die eiendom.

In die gewysigde Eiendomsbelastingsbeleid van die Munisipaliteit Overstrand is die kriteria bepaal waarvolgens belasting gehef word op die kategorie van belasbare eiendomme wat 'leë erwe' genoem word. 'n Regverdige proses is gevolg deurdat die wysigings geadverteer is en kommentaar gevra is. Daar was geen beswaar teen die insluiting van die nuwe kategorie van 'leë erwe' binne die tyd vir kommentaar nie.

Die doel van die nuwe kategorie wat hoër aangeslaan word as die kategorie residensiële eiendom is onder meer om:

- **Eiendomsontwikkeling aan te moedig;**
- **Verdigting in lyn met die Geïntegreerde Ontwikkelingsplan te bevorder;**
- **Meer bewoonde en ontwikkelde eiendomme in die munisipale gebied te bewerkstellig;**
- **In die behoefte van residensiële okkupasie van eiendomme te voorsien omdat baie mense graag in dié gebied kom aftree; en**
- **Die werklike gebruik van leë erwe as belegging en nie die toegelate gebruik te belas nie.**

# RAAMWERK VIR BEDRYFSBESTEDING

Ses beginsels het die raamwerk gebied waarbinne Overstrand se bedryfsbestedingsbegroting vir 2013/14 opgestel is:

- Voldoening aan die munisipaliteit se batevernuwingstrategie en plan vir herstel- en onderhoud;
- Die begrotingsbalans - bedryfsuitgawes mag nie begrotingsinkomste oorskry nie, tensy daar ontoegewysde kontantreserwes bestaan waarmee tekorte befonds kan word;
- Befondsing van die begroting oor die mediumtermyn soos bepaal deur artikels 18 en 19 van die Wet op Munisipale Finansiële Bestuur;
- Die wyse waarop die kapitaalprojekteprogram voorsiening maak vir die hernuwing van bates en die plan om agterstande op te vang;
- Die besluit om bedryfswinste en doeltreffendhede aan te wend om die kapitaalbegroting en ander kerndienste te befonds; en
- Streng toepassing van die beginsel dat as daar nie 'n projekplan is nie, is daar nie 'n begroting nie.

**TOPVLAKOPSOMMING VAN DIE BEDRYFSBEGROTING:**

| R duisend | 2012/13 Volle Jaar Voorspelling | 2013/14 Begroot Jaar |
|---|---|---|
| **Besteding deur Tipe** | | |
| Werknemerverwant | 227 845 | 250 842 |
| Vergoeding van raadslede | 7 101 | 7 577 |
| Skuldregstelling | 1 000 | |
| Waardevermindering | 107 417 | 103 810 |
| Finansieringskoste | 38 054 | 42 292 |
| Grootmaataankope | 143 721 | 156 893 |
| Ander materiale | 13 279 | 15 055 |
| Gekontrakteerde dienste | 71 861 | 74 909 |
| Oordragte en toekennings | 35 975 | 38 766 |
| Ander uitgawes | 112 727 | 133 917 |
| Verlies/afskryf van bates | - | - |
| **Totale uitgawes** | **758 982** | **824 059** |

Die begrotingstoekenning vir werknemerverwante koste beloop in 2013/14 R250,8 miljoen oftewel 30,4 persent van die totale bedryfsbegroting. Ingevolge die kollektiewe bedingingsraadooreenkoms moet salarisverhogings van 6,85 persent vir 2013/14 voorsien word. Ingevolge die kosteprioritiseringstrategie en kontantbestuursbeleid van die munisipaliteit was daar 'n merkbare afwaartse aanpassing vir vakante poste en is daar voorsiening gemaak dat R7,75m se poste nie gevul sal word nie. Dit kan 'n negatiewe impak op dienslewering hê. Voorts word daar ook gekyk na 'n vermindering van oortyduitgawes.

Geen voorsiening vir die afskryf van slegte skuld is gemaak nie met die inagneming van die jaarlikse invorderingskoers van bykans 100 persent en die beleid wat toegepas word met die afskrywing van slegte skulde.

Die voorsiening vir waardevermindering en regstelling van bates is geraak deur die implementering van die GRAP 17 - rekeningkundige standaard. Dit het meegebring dat 'n wye reeks van bates in ag geneem moes word wat nie voorheen op die bateregister geplaas was nie. Dit het 'n merkbare toename in waardevermindering meegebring.

Finansieringskoste bestaan hoofsaaklik uit die terugbetaling van rente op langtermynlenings. Dit maak 5,09 persent (R38,7 miljoen) van die bedryfsbegroting uit. Soos voorheen vermeld het die munisipaliteit die veiligheidsperk vir lenings bereik.

Grootmaataankope het hoofsaaklik te doen met die aankoop van elektrisiteit by Eskom. Hierdie uitgawe sluit ook verspreidingsverliese in.

Ander materiale maak hoofsaaklik voorsiening vir instandhouding en skoonmaak. In lyn met die munisipaliteit se herstel en onderhoudsplan is daar 'n hoër prioriteit hieraan verleen om die lewensduur en volhoubaarheid van munisipale infrastruktuur te verhoog.

Uitkontraktering van dienste word beskou as 'n wyse waarop die munisipaliteit koste kan bespaar. Dié uitgawes word met 'n fynkam deurgegaan om doeltreffendheid te verhoog. Uitgawes aan die begrotingspos beloop tans R84,9m en het met 9,1 persent toegeneem.

Ander uitgawes is 'n versameling van verskeie items wat met die daaglikse bedryf van die munisipaliteit verband hou. Ook hier word goeie bestuur toegepas om kostebesparing en doeltreffendheid vir die munisipaliteit te verseker.

# KAPITAALPROJEKTE FOKUS OP ELEKTRISITEIT

Sowat R110 miljoen is in die 2013/14 begroting vir kapitaalprojekte toegestaan om nuwe fasiliteite vir die Munisipaliteit Overstrand te voorsien of om bestaande infrastruktuur op te gradeer. Elektrisiteitsprojekte gaan met 'n toekenning van R37.2 miljoen (33.9 persent) die grootste hap daarvan kry, gevolg deur padbouprojekte met R17,8 miljoen (16.2 persent) en watervoorsiening met R15.9 miljoen (14.5 persent).

Op die tabel hierbo word die besonderhede van die tien grootste kapitaalprojekte gegee.

| PROJEKBESKRYWING | BEDRAG VOORSIEN |
|---|---|
| Hermanus: Nuwe 66kVA substasie | R14 261 348 |
| Hermanus: Parallelpad | R 8 710 373 |
| Overstrand: Vervang van waterpype oor die hele gebied | R 8 400 000 |
| Hawston: Opgradering van substasie | R 6 034 120 |
| Baardskeerdersbos: Opgradering van grootmaatwatervoorsieningstelsel | R 5 800 000 |
| Hawston: opgradering van strate | R 5 159 627 |
| Gansbaai-behuisingsprojek (155 standplase) | R 5 029 380 |
| Kleinmond en Gansbaai: Rioolslykverwerkingstoerusting | R 4 575 000 |
| Kleinmond: Vervanging van skakeltuig by hoofsubstasie | R 4 300 000 |
| Overhills: Opgradering van sokkerveld | R 4 102 946 |
| Zwelihle: Opgradering van strate | R 3 125 507 |
| Stanford: Uitbreiding van rioolnetwerk | R 3 075 000 |
| Hermanus: Opgradering van kragtoevoerkabels by Kwaaiwater | R 3 000 000 |
| Eluxolweni / Zwelihle: Elektrifiseringsprojek (INEG) | R 3 000 000 |
| Franskraal: Opgradering van Apie le Roux-substasie | R 2 500 000 |
| Hermanus: Opgradering van rioolpompstasies | R 2 000 000 |

Nuwe bates beloop R70.7 miljoen (64 persent) van die begroting en hernuwingsprojekte R39.1 miljoen (35,6 persent). Drie direktorate is daarby betrokke, naamlik Gemeenskapsdienste, Infrastruktuur en Beplanning en Bestuursdienste.

Die lys kan moontlik met die volgende aanpassingsbegroting aangevul word omdat daar nog gewag word op die afhandeling van die Sandbaai-meentgrondtransaksie. Die projekte wat daaruit gefinansier sal word, is reeds by 'n vorige geleentheid bepaal.

# PAKKET VAN BASIESE DIENSTE VIR ARM HUISHOUDINGS

'n Pakket van gratis basiese dienste word voorsien aan huishoudings wat vir deernishulp by die munisipaliteit geregistreer is.

Gedurende die 2013/14 finansiële jaar was daar vir 6300 deernisgevalle voorsiening gemaak en in die nuwe boekjaar word daar vir 'n geringe uitbreiding daarvan tot 6320 gevalle begroot.

Kragtens Overstrand se Deernisbeleid is geregistreerde huishoudings geregtig op 6kℓ gratis water, 50 kwh gratis elektrisiteit en 4,21 kℓ gratis riolering per maand, die verwydering van 85ℓ vullis per week, asook 'n volle rabat op hul eiendomsbelasting.

Alle basiese heffings word ten volle gesubsidieer.

# BELEIDE AANVAAR

As deel van die Begrotingsproses het die Raad dertien hersiende beleide oor eiendomsbelasting, tariewe, kliënthantering, kredietbeheer en skuldinvordering, deernis, batebestuur, reis-en-verblyf, kleinkas, voorsieningskanaalbeleidbestuur, investering en kontantbestuur, begrotingsverandering, begroting, befondsing en reserves en lenings goedgekeur. Twee nuwe beleide is oor kontrakbestuur en finansiële langtermynbeplanning en implementering aanvaar.

# TARIEWE EN DIE INFLASIEKOERS

Tariewe is die spilpunt waarom 'n begrotingsproses draai. Wanneer eiendomsbelasting, tariewe en ander heffings hersien word, word daar deeglik gekyk na ekonomiese omstandighede, insetkoste en die bekostigbaarheid ten einde te verseker dat die finansiële volhoubaarheid van 'n Munisipaliteit nie in gevaar gestel word nie.

Boonop plaas die Nasionale Tesourie druk op munisipaliteite om hul belastings, tariewe en ander heffings so laag as moontlik te hou. Indien 'n munisipaliteit sy tariewe bokant die Reserwebank se inflasieteiken van 6 persent verhoog, moet dit in hul voorleggings aan die Nasionale Tesourie deeglik gemotiveer word.

Buitensporige verhogings kan ook teenproduktief wees omdat dit tot hoër vlakke van wanbetaling kan lei.

Die persentasie verhoging wat aan Eskom toegestaan is, was ver oor die gemelde inflasieteiken en het 'n groot impak op die Munisipaliteit gehad en weinig beheer kon daaroor uitgeoefen word. Die kortings wat vir arm verbruikers voorsien is, het boonop 'n ondermynende effek op die Munisipaliteit se toekomstige finansiële posisie en lewensvatbaarheid.

Voorts moet in gedagte gehou word dat die verbruikersprysindeks nie 'n goeie maatstaf is van die kosteverhogings waarmee 'n munisipaliteit te kampe het nie. Die mandjie goedere en dienste wat vir die berekening van die VPI gebruik word, sluit nie die kostes in wat 'n munisipaliteit moet dra ten opsigte van vergoeding, grootmaataankope van elektrisiteit en water, brandstof, chemikalieë ens. nie.

Die uitdaging vir 'n munisipaliteit is om die gaping tussen die kostedrywers en die tariewe wat hy hef, só te bestuur dat hy tekorte kan uitwis met bedryfsdoeltreffendheid of die verlaging van diensvlakke.

# IMPAK VAN TARIEFSTYGINGS

Die tabel hierbo toon die oorhoofse verwagte impak van die tariefverhogings op huishoudings met 'n mediumverbruik, 'n lae verbruik en 'n nooddruftige huishouding wat gratis basiese dienste ontvang. Let daarop dat in die eerste twee gevalle die totale styging op die huishouding se rekening minder as 10 persent is en in die geval van deernishuishoudings minder as 5 persent.

| | | 2012/13 | 2013/14 | Bedrag | % |
|---|---|---|---|---|---|
| Medium verbruik met krediet uitverkore meter | Waardasie R2 500 000 | | | | |
| | Tariewe | 565,13 | 588,00 | 22,87 | 4,05 |
| | Riool SE7A1+SE8A | 234,18 | 254,85 | 20,67 | 8,83 |
| | Infrastruktuur basiese heffing | 40,05 | 41,70 | 1,65 | 4,12 |
| | Water, elektrisiteit en riool | | | | |
| | Weier 1X Per Week | 113,16 | 122,81 | 9,65 | 8,53 |
| | Elektrisiteit Kredietmeter 800 kWh | 1 008,38 | 1 093,42 | 85,04 | 8,43 |
| | Water 25 kl | 257,42 | 304,35 | 46,93 | 18,23 |
| | BTW | 231,45 | 254,40 | 22,95 | 9,92 |
| | TOTAAL | 2 449,76 | 2 659,52 | 209,76 | 8,56 |
| | *HPP indien van toepassing* | 56,51 | 58,80 | 2,29 | 4,05 |
| | | 2012/13 | 2013/14 | Bedrag | % |
| Lae verbruik met krediet meter | Waardasie R1 000 000 | | | | |
| | Tariewe | 219,13 | 228,00 | 8,87 | 4,05 |
| | Riool SE7A1+SE8A | 172,79 | 187,30 | 14,51 | 8,40 |
| | Infrastruktuur basiese heffinge | 40,05 | 41,70 | 1,65 | 4,12 |
| | Water, elektrisiteit en riool | | | | |
| | Weier 1X Per Week | 113,16 | 122,81 | 9,65 | 8,53 |
| | Elektrisiteit Kredietmeter 600 kWh | 742,64 | 803,76 | 61,12 | 8,23 |
| | Water 15 kl | 160,12 | 187,90 | 27,78 | 17,35 |
| | BTW | 172,03 | 188,09 | 16,06 | 9,34 |
| | TOTAAL | 1 619,91 | 1 759,55 | 139,64 | 8,62 |
| | *HPP indien van toepassing* | 21,91 | 22,80 | 0,89 | 4,05 |
| Sub-ekonomiese verbruik | Waardasie R100 000 | | | | |
| | Tariewe | 11,53 | 12,00 | 0,47 | 4,05 |
| | Riool SE7A1 | 22,71 | 27,02 | 4,31 | 18,98 |
| | Infrastruktuur basiese heffing | | | | |
| | Water, elektrisiteit en riool | 40,05 | 41,70 | 1,65 | 4,12 |
| | Weier 1X Per Week | 0,00 | 0,00 | 0,00 | 0,00 |
| | Elektrisiteit Koopkrag meter 350 kWh | 278,39 | 286,76 | 8,37 | 3,00 |
| | Water 10 kl | 29,84 | 32,44 | 2,60 | 8,71 |
| | BTW | 51,94 | 54,31 | 2,37 | 4,56 |
| | TOTAAL | 434,46 | 454,22 | 19,76 | 4,55 |

# SLEUTELASPEKTE VAN DIE INKOMSTESTRATEGIE

In Overstrand is die volgehoue verbetering van kwaliteitdienslewering aan inwoners ten nouste gekoppel aan sy vermoë om die inkomste wat daarvoor nodig is, te genereer. Dit is van kritiese belang vir finansiële volhoubaarheid in die huidige stram ekonomie dat streng inkomstebestuur gehandhaaf word.

Dit is egter so dat die Munisipaliteit te kampe het met ontwikkelingsagterstande en armoede. Die koste daaraan verbonde om dié uitdagings die hoof te bied, beloop noodwendig meer as die beskikbare fondse en daarom moes daar moeilike keuses uitgeoefen word ten opsigte van tariefverhogings en die balansering van uitgawe teenoor realistiese inkomsteverwagtinge.

Overstrand het sy inkomstestrategie ontwikkel aan die hand van die volgende sleutelkomponente:

- Riglyne en makro-ekonomiese beleid van die Nasionale Tesourie;
- Die groei van die Munisipaliteit en ekonomiese ontwikkeling in sy gebied;
- Doeltreffende inkomstebestuur wat moet verseker dat die jaarlikse insamelingskoers op eiendomsbelasting en diensteheffings bo 95 persent bly;
- Elektrisiteitstariefaanpassings soos deur die Nasionale Elektrisiteitsreguleerder van Suid-Afrika (NERSA) goedgekeur;
- Die verhaling van volle koste met bepaling van tariewe vir handelsdienste;
- Die bepaling van tariefstygings deur die inkomstevereistes van elke diens vas te stel en te bereken;
- Die Munisipaliteit se Eiendomsbelastingsbeleid wat kragtens die Wet op Munisipale Eiendomsbelasting (Wet 6 van 2004) (MPRA) goedgekeur is;
- Die vermoë om nuwe dienste in te stel en koste te verhaal;
- Die Munisipaliteit se Deernisbeleid en die lewering van gratis basiese dienste; en
- Die Munisipaliteit se Tariefbeleid.

Die tafel hiernaas toon die vernaamste inkomstebronne van die Munisipaliteit Overstrand en die bydrae wat hulle tot die totale begroting sal lewer. Die persentasie groei wat elk van die bronne sal oplewer, is: eiendomsbelasting 7.44 persent, elektrisiteit - 12.41 persent, water 9.67 persent, riolering - 6.86 persent, vullisverwydering - 13.13 persent, uitverhuring van fasiliteite en toerusting - 4.38 persent, lisensies en permitte - 10.19 persent, agentskapsdienste 8.11 persent en bedryfsoordragte - 64.41 persent. Daar word vir 'n afname in inkomste voorsiening gemaak met betrekking tot rente op beleggings en uitstaande skulde, boetes en ander inkomste.

Kapitaalhulptoekennings en oordragte word ingevolge beleid nie by die Bedryfsinkomstebegroting ingesluit nie, maar daar word wel voorsienig gemaak vir R69 miljoen se bedryfshulptoekennings en oordragte. Dit sluit onder meer die Billike Deel-toekenning van sowat R42 miljoen, 'n oordrag van R1,3 miljoen vir die verbetering van finansiële bestuur, werkskeppingsbydraes (EPWP) van R1.2 miljoen, en provinsiale toekenning van R20,045 miljoen vir onder meer behuising uit.

**TABEL: HOOFBRONNE VAN INKOMSTE**

| R duisend | 2012/13 Volle Jaar Voorspelling | 2013/14 Begroot Jaar |
|---|---|---|
| Inkomstebron | | |
| Eiendomsbelasting | 118 129 | 126 921 |
| Eiendomsbelasting | 1 000 | 1 000 |
| - boetes en invorderingsheffings | | |
| Elektrisiteit | 253 485 | 284 936 |
| Water | 89 943 | 98 642 |
| Riolering | 57 007 | 60 917 |
| Vullisverwydering | 46 792 | 52 934 |
| Ander dienste | | |
| Verhuring van fasiliteite en toerusting | 8 192 | 8 551 |
| Rente op eksterne beleggings | 7 715 | 7 714 |
| Rente verdien - uitstaande debiteure | 2 205 | 2 204 |
| Dividende ontvang | – | |
| Boetes | 6 249 | 6 079 |
| Lisensies en permitte | 1 857 | 2 046 |
| Agentskapsdienste | 2 081 | 2 250 |
| Bedryfsoordragte erken | 41 958 | 68 984 |
| Ander inkomste | 20 968 | 19 963 |
| Wins op verkope van bates | | |
| Totale inkomste (Kapitaaloordragte en –bydraes uitgesluit) | 657 582 | 743 141 |

# ONS WATER VOLDOEN AAN DIE VEREISTES

| Beskrywing van toets | Eenheid | Standaard per SANS 0241 Klas 1 | Standaard per SANS 0241 Klas 2 | Gemiddelde toetsresultate van drinkwatermonsters vir: Buffelsrivier (Rooi Els, Pringlebaai & Bettysbaai | Kleinmond | Hermanus | Stanford | Gansbaai | De Kelders | Pearly Beach | Baardskeerdersbos | Buffelsjagsbaai |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pH | (pH) | 5.0-9.5 | 4.0-10.0 | 9,1 | 9,6 | 7,6 | 8,1 | 8,3 | 7,6 | 8,0 | 6,4 | 7,5 |
| Elektriese geleidingsvermoë | (mS/m) | <150 | 150-370 | 31,0 | 26,6 | 51,0 | 73,1 | 135,3 | 49,2 | 49,8 | 38,5 | <150 |
| Troebelheid | (NTU) | <1 | 1-5 | 0.1 | 0.2 | 0.4 | 0.1 | 0.4 | 0.1 | 0.1 | 0.6 | 6,3 |
| Kleur | (mg/l as Pt) | <20 | 20-50 | 15,0 | 12,0 | 12,0 | 7,0 | 11,3 | 3,3 | 15,0 | 139,7 | 33,3 |
| Kalsium | (mg/l as | <150 | 150-300 | 4,9 | 8,8 | 7,5 | 52,0 | 13,4 | 35,6 | 15,2 | 4,0 | <150 |
| Chloried | (mg/l as Cl) | <200 | 200-600 | 32,2 | 32,2 | 96,6 | 92,6 | 145,3 | 67,6 | 69,6 | 69,6 | <200 |
| Fluoried | (mg/l as F) | <1.0 | 1.0-1.5 | 0,20 | 0,20 | 0,10 | 0,10 | 0,30 | 0,10 | 0,10 | 0,10 | <1.0 |
| Totale opgeloste vaste stowwe | (mg/l) | <1000 | 1000-2000 | 217 | 186 | 357 | 512 | 946 | 345 | 349 | 256 | <1000 |
| Yster | (µg/l as Fe) | <200 | 200-2000 | 23,3 | 20 | 140 | 83,3 | 120 | 10 | 16,7 | 260 | 53,3 |
| Mangaan | (µg/l as Mn) | <100 | 100-1000 | 40 | 40 | 60 | 40 | 40 | 40 | 40 | 40 | 40 |
| Aluminium | (µg/l as Al) | <300 | 300-500 | 126 | 120,3 | 176 | 105,3 | 155,3 | 33,3 | 58 | 166,7 | 120 |
| E.coli | (telling/100ml) | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 | 0 |

| Januarie 2013 - Maart 2013 Beskrywing van toets | Eenheid | DWA Algemene Toestemming Standaard | Gemiddelde toetsresultate van finale uitvloeiselmonsters vir: Gansbaai | Hawston | Hermanus | Kleinmond | Stanford |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| pH | (pH) | 5.5-9.5 | 6,4 | 8,6 | 7,4 | 7,3 | 7,6 |
| Besinkbare stof | (ml/l) | - | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 |
| Elektriese geleidingsvermoë | (mS/m) | 150 | 169.7 | 153.3 | 203.3 | 95.6 | 124.3 |
| Fekale koliforme bakterie | (tel/100ml) | 1000 | 0,3 | 21,7 | 892,3 | 1366,7 | 845 |
| Chemiese suurstofvraag | (mg/l) | 75 Max | 45,2 | 154,7 | 52,2 | 38,4 | 38,6 |
| Ammoniakstikstof | (mg/l as N) | 6 Max | 4,7 | 10,1 | 7,3 | 7,9 | 1,4 |
| Nitraatstikstof | (mg/l as N) | 15 Max | 3,3 | 2 | 2,5 | 6,9 | 12 |
| Nitraatstikstof | (mg/l as N) | | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 | 0,1 |
| Totale swewende vaste stowwe | (mg/l) | 25 Max | 4 | 29,3 | 4 | 7,7 | 4,7 |
| Orto-fosfaat | (mg/l as P) | 10 Max | 6,6 | 7,4 | 16,9 | 8,8 | 2,4 |

Die Departement van Waterwese en Bosbou voer op 'n tweejaarlikse grondslag 'n prestasiebeoordeling van watersuiweringsaanlegte uit en kan dan Blou Druppels of Groen Druppels toeken aan onderskeidelik drinkwatersuiweringswerke en rioolwerke wat aan die kriteria vir uitmuntendheid voldoen.

Vyf van Overstrand se agt aanlegte het Bloudruppelstatus ontvang met verlede jaar se beoordeling van drinkwatersuiweringsaanlegte, wat dus 'n aanduiding is dat die Munisipaliteit se drinkwater van hoogstaande gehalte is. Van die vyf rioolwatersuiweringswerke, het een 'n Groen Druppel in 2011/12 ontvang, wat 'n aanduiding is dat hierdie aanleg op 'n volgehoue basis voldoen aan die hoogste standaarde vir die suiwering van rioolwater. Die ander vier aanlegte het opgradering nodig om aan die Groen Druppel-standaard te voldoen en dit het prioriteit geniet in die 2013/14 kapitaalbegroting.

Die uitdagings waarvoor die Munisipaliteit te staan gekom het, is kortliks die volgende:


- Die infrastruktuur by meeste van die rioolbehandelingsaanlegte is oud en onvoldoende om die toenemende volumes afvalwater te suiwer tot op die standaard wat vereis word;
- Daar is 'n tekort aan opgeleide personeel en dit bemoeilik die bedryf en onderhoud van die aanlegte;
- Onderbrekings in die kragtoevoer na sommige van die aanlegte word gereeld ondervind en dit benadeel die suiweringsproses; en
- Behoorlike bestuur van die streek se opvangsgebiede is gebrekkig en dit het tot gevolg dat stormwater die rioolstelsels indring.

Stappe wat gedoen gaan word om hierdie uitdagings die hoof te bied, sluit in:

- Infrastruktuurtekortkominge kry aandag deur middel van die kapitaalbegroting;
- Daar is reeds begin om vakatures te vul en opleidingsprogramme sal inhuis deur die Rioleringsafdeling aangebied word, veral vir die bedryfspersoneel;
- Toegespitste kraglyne gaan na die werke aangelê word deur die Elektrisiteitsdepartement; en
- Die Munisipaliteit werk met die Departement van Waterwese en Bosbou saam om die opvangsgebiede beter te bestuur. Die jongste resultate van ons toetse by die wateraanlegte verskyn in die tabelle hiernaas.

## UIT DIE OTAK-VOORSITTER SE PEN

# MERKBARE GROEI IN BESOEKERSGETALLE



Craig Holmes

Die afgelope ses maande was goed vir toerisme na die Kaapse Walviskus en dus ook vir die Overstrand-gebied as 'n geheel. Syfers vir die eerste vier maande van die jaar toon 'n merkwaardige toename van 28 persent in die getal besoekers wat by ons vier toerismeburo's - Gansbaai, Stanford, Hermanus en Kleinmond - aangeklop het.

Die jongste aankomsyfers vir die Wes-Kaap - dit is vir die periode tot September 2012 - toon dat 2012 se aankomste so te sê dieselfde was as vir 2011. Die afleiding kan dus gemaak word dat ons spanne werklik puik presteer.

Dit is uiteraard tot groot voordeel van Overstrand, want al hierdie besoekers slaap, eet en drink in ons gebied en maak gebruik van die tallose fasiliteite wat ons area bied. Die werk wat die spanne in ons toerismeburo's en by die Munisipaliteit doen, mag nie onderskat word nie, want dit is duidelik dat hulle daarin slaag om al hoe meer gaste na ons gebied te lok.

Die selfde spanne was baie bedrywig die afgelope paar maande en het nie net plaaslik 'n groot rol gespeel nie, maar ons ook by die nasionale toerismeskoue gaan verteenwoordig: Beeld se Vakansie-ekspo in Johannesburg, die Argus-lewenstyl Ekspo, die Kaapse Getaway Skou en mees onlangs die Toerisme Indaba in Durban, wat die toonvenster van die Suid-Afrikaanse bedryf vir toeroperateurs van oor die wêreld is.

Gepraat van buitelandse besoekers: ons ontvang op 'n gereelde basis internasionale en plaaslike media- en filmspanne. In Junie het ons die Kaapse Walviskus en die Hermanus Wynroete bekend gestel aan die radioluisteraars van Metro FM, terwyl die internasionale en plaaslike komediante wat vandeesmaand aan die Kaapse Jive Komediefees deelneem, persoonlik deur ons Walvisroeper verwelkom gaan word.

Dan moet ons spesiale melding maak van die suksesvolle aanbieding van sekerlik die opwindendste en uitdagendste gebeurtenis in baie jare - die Hermanus Fynarts Fees. Mary Faure van Hermanus Toerisme het haar visie verwerklik! Danksy Mary en haar span se bloedsweet en trane het Hermanus van 7 tot 16 Junie uit sy nate gebars met mense wat die vol program van kuns, musiek, fotografie, keramiekkuns, kookkuns, skryfwerk, kos en wyn, klassieke rolprente en nog vele meer kom geniet het.

Dit was maar net die begin en gedurende die volgende paar maande kan ons nog vele meer besoekers verwag wat kom walvisse kyk en aan ander feeste kom deelneem. Ons moet seker maak dat ons ons gaste met ope arms ontvang en vir hulle help om die gebied so te ervaar dat hulle weer en weer hiernatoe wil kom!

*Geniet ons besoekers!!*

# VOORLESING EN VIOOLKONSERT



*Wilna Snyman*

Die geliefde plaaslike aktrise Wilna Snyman gaan op Sondag 21 Julie 'n voorlesing vir Overstrand Arts/Kunste (OAK) aanbied.

Op 4 Augustus gaan die briljante jong Russiese violis, Yury Revich, werke van Bach, Tchaikovsky, Ravel, Paganini, Pergolesi, Rachmaninov en De Sarasate uitvoer.

**Albei konserte vind in die ouditorium van die Overstrand-burgersentrum plaas en begin op die onderskeie dae om 15:30. Kaartjies kos R100 (R50 vir studente). Bespreek by BELLINI (tel 028 312 4988). Kontak die sekretaresse, René du Plooy, by 082 940 4238 vir verdere navrae.**




*Yury Revich*